**Sondag 26 Februarie 2023**

**Genade 1- Sonde 0**

Vra vir die Kleuterkerk maats, wat is Sonde?

Daar was ‘n oom genaamd Friedrich Schleiermacher (wat geskryf het oor Sonde:

Our own theory is that sin was ordained only in view of redemption, and that accordingly redemption shows forth as the gain bound up with sin.

Verstaan julle dit? Want ek doen dit nie?

Ek wil vir julle ‘n Griekse woord leer:

- “*hamartano*” (αμαρτανω)

Dit beteken, om die teiken te mis/ om jou doel te mis.

Jesus wil graag hê ons moet die teiken raak gooi. Tref met ons lewe. Hy het vir ons ‘n teiken gestel: ’n Teiken van hoe ons moet liefhê/ ‘n teiken van hoe ons moet omgee/ ‘n teiken van hoe ons moet praat/ ‘n teiken van hoe om moet luister. Ons moenie Sonde doen nie, ons moet ons bes probeer om nie die teiken te mis nie.

Met Aswoensdag wat hierdie week plaasgevind het, beweeg ons nou in Lydenstyd in. Daarom lees ons vanoggend Romeine 5:12-21

Voordat ek die teks verduidelik wil ek dalk net 2 opmerkings maak oor sonde. En dit is vanuit my eie unieke verstaan van die Bybel, jy mag met liefde verskil:

1- *We are not Punished for our sins, we are punished by our sins*

Ek glo definitief daar kom ‘n oordeel. Daar is ‘n dag wat God vanuit sy liefde gaan kies en besluit. Maar meer as dit glo ek dat die “straf” lê nie noodwendig in die eendag nie, maar in die vandag. Die persoon wat vreeslik lelik praat (wat sonde is), straf homself, want later hand wil sekere mense nie meer in sy teenwoordigheid wees nie. Die persoon wat sy huweliksmaat verneuk, straf hom of haarself, want so verloor hy/sy toegang tot hul eie kinders of huweliksmaat. Die persoon wat te veel drink straf homself, deurdat hy/sy gewoonlik nie baie geld aan die einde van die maand oorhet nie, nie baie gefokus is by die huis nie, en nie werklik beter voel wanneer hul nugter word nie. Die persoon wat jaloers is, straf hom/haarself want hul voel hul het nooit genoeg nie. Ons word nie gestraf vir ons sonde nie, ons word gestraf deur ons sonde…

2- Die sondes van my ouers: Ons lees onder andere in Eksodus 20:5 “Ek reken kinders die sondes van hulle Vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van die wat my haat”

Ek glo nie die betekenis hiervan is dat jy a.g.v oupa, ouma, mamma of pappa in ‘n strik sonder enige hoop grootgeword het nie. Daar is baie ander beloftes dat God ons elkeen vergewe. In die eerste eeu was mense egter groep mense gewees (ons is baie meer individualisties), en wat dit sou beteken dat jou sonde/jou verkeerde dade, het ‘n effek op die gemeenskap. Die een persoon wat ‘n groot vuur maak by sy huis sonder voorsorg kan die hele gemeenskap afbrand. Die Ouer wat onverantwoordelik met sy geld werk, maak skade vir die hele gesin. En daarom is dit byvoorbeeld in Eksodus 20 nodig om die volgende vers (6) ook te lees wat sê, maar ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van die wat MY lief het en my gebooie gehoorsaam. Ek dink die teks moedig ons eerder aan om vorentoe te kyk, as om terug te kyk.

Romeine 5, ons teks vir die week praat ook oor Sondes:

Baie van ons dink beter in prentjies, en beelde, en om hierdie teks van vanoggend beter te verstaan, wil ek graag stilstaan by een van die bekendste kunswerke in die wêreld:

Die "Skepping van Adam" is 'n fresco teen die plafon van die Sistynse kapel, geskilder deur Michelangelo Buonarroti circa 1511. Dit illustreer die Bybelse verhaal uit die boek Genesis waar God die Vader asem in Adam inblaas, die eerste mens.  God word uitgebeeld as 'n man wat al 'n paar jare agter die rug het. Sy linker arm omhels 'n vroue figuur, gewoonlik gesien as Eva, wat nog nie geskep is nie.  God se regter arm is uitgestrek en Hy raak met Sy vingers aan Adam, wat met sy linker arm uitgestrek lê in 'n byna spieëlbeeld van God – die simboliek dat Adam na God se beeld geskape is. Adam se vinger en God s'n is effens uitmekaar.

God se sterk hand is uitgestrek na Adam se hand, terwyl Adam uitgebeeld word waar hy agteroor lê en effens na God draai en dit lyk asof hy sy hand halfhartig na God uitstrek. So asof hy onseker is of hy nou wil, of nie wil nie. So asof hy nie heeltemal oortuig is nie.

Hierdie illustrasie is ikonies en 'n gepaste beeld van die interaksie tussen God en die mens regdeur die Bybel asook in ons wêreld. God reik voortdurend uit om in verbinding te wees met die mens wat in sy eie wêreld verstrengel is. Ten diepste gaan 'n erediens daaroor dat ons die 'tussen God en ons ervaar. God is nader as wat ons dink

Die verhaal word die skepping van Adam genoem. Maar Adam is alreeds geskep. Adam is dan daar. Met oë 'n liggaam- hande…. Dalk word die skepping eers volkome wanneer Adam sy hand in God se hand plaas. Wanneer die een hand die ander hand neem en begin om saam te beweeg. Adam se fisiese en geestelike vermoë lê in daardie aanraking opgesluit. God gee vir Adam kans om sy skuif te maak… Dit is sy beurt om te beweeg. God is so naby as wat hy kan wees. Adam se liggaam sê een ding--- maar sy hande sê 'n ander ding Die een se Ja die ander skree nee.

En hier in Romeine 5 lees ons dieselfde. Die verskil tussen Adam en Christus. En die keuse bly ons sin, as deel van watter familie wil ons leef. Die Adams family, of die Christus familie.

- Want mense het deel in Adam se oortreding- ons deel in Christus se gehoorsaamheid
- Ons almal deel in Adam se veroordeling- Ons ontvang in Christus die Vryspraak.
- Ons almal deel in Adam se skaarsheid- Ons almal ontvang ook Christus se oorvloed
- Ons almal deel in Adam se dood- In Christus ontvang ons die ewige lewe en heerskappy

Daar is die Adam kant (Die sonde)- waar ons die hele tyd die teiken mis, waar ons probeer en probeer en steeds sukkel.

Maar gelukkig is dit nie al kant nie, daar is ook die genade.

Die genade is altyd Meer as ons sonde...

Paul Tillich skryf oor genade:

*In the picture of Jesus as the Christ, which appeared to him (Paul) at the moment of his greatest separation from other men, from himself and from God, he found himself accepted in spite of his being rejected. The moment in which grace struck him and overwhelmed hom, he was reunited with that to which he belonged, and from which he was estranged in utter strangeness. Do we know what it means to be struck by grace?*

*We cannot transform our lives unless we allow them to be transformed by that stroke of grace. Grace strikes us when we are in pain and great restlessness. It strikes us when we feel that our separation is deeper than usual, because we have violated another life, a life which we have loved, or from which we have become estranged it strikes us when our disgust for our own being, our indifference, our weakness, our hostility, and our lack of direction and composure have become intolerable to us. It strikes us when, year after year, the longed for perfection of life does not appear, when the old compulsions reign within us as they have for decades, when despair destroys all joy and courage. Sometimes at this moment a wave of light breaks into our darkness, and it is as though a voice were saying: You are accepted! You are accepted by that which is greater than you, and the name of which you do not know.*

Keer op keer mis ek die teiken (geel) en dan tref God se genade my (rooi). En eendag, op ’n dag besef en besluit ek- dat ek nie meer so wil lewe nie. Ek wil nie meer deelneem aan die speletjie nie. Ek wil nie meer gooi, jammer se, vergifnis ontvang en later weer gooi nie, ek bluf myself, ek bluf God.

Die teks gaan duidelik oor wie in beheer is. Aanvanklik was die sonde en die dood in beheer van die mense. Sonde en dood het toegang tot die wêreld verkry deurdat een mens, Adam, oortree het. Die sonde en dood is egter nou totaal oorwin deur ’n ander mag, naamlik die genadegawe.

Die droom is om my hand in sy hand te sit. Ons vanuit sy genade die teiken te tref. Om naby genoeg aan hom te leef, dat ek nie keer op keer mis nie.